

21 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 41:14-57

God se pad met ons hou dikwels ook seëninge vir die ongelowiges in

God se pad met Josef het uiteindelik daarop uitgeloop dat hy onderkoning in Egipte geword het. Omdat God altyd by hom was, het sy pad vir die mense rondom hom seëninge gebring. Ons dink hier aan Potifar, wie se slaaf hy was, en aan die tronkbewaarder in wie se bewaring hy was. Nou het God hom in 'n posisie geplaas waar hy tot seën kon wees vir die hele wêreld. Van oral af kon mense kom om kos te kry en gered te word van die droewige gevolge van hongersnood. Só gebruik God dikwels sy kinders om sy seën na die nasies te laat uitkring. Sy seëninge is nie net tot die verbondsvolk beperk nie.

God het Josef nie net gebruik om vir die mense van destyds seëninge te bewerkstellig nie, maar ook vir ons wat eeue na hom lewe. Deur Josef se optrede is ook sy broers gered. Hierdie broers wat bly lewe, is die volk uit wie Christus uiteindelik gebore is. Ons kan dus sê dat Josef om Christus ontwil en ter wille van ons verhoog is.

Ons is ook geroep om tot seën vir ander te wees. Christus het een maal gesê (Joh 7:38): "Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei". Hiermee het Hy na die Heilige Gees verwys wat ons tot 'n seën maak vir ander.

Sing: Skrifberyming 24:6

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)